Nuusbrief – Februarie 2017

Mari Strauss

## Wat verklap 'n sakkaartjie oor 'n produk?

Sak kaartjies van diere voer sakke word streng deur die registrateur beheer en daar is riglyne vir elke voermaatskappy om te volg. Hierdie inligting verklap baie van die inhoud van die produk.

Batch nommers en datums van vervaardiging is verpligtend

Produkte val in 'n seker klas agv sy spesifikasies. Dus is alle proteïen-energie en mineraal aanvullings vir herkouers in 'n seker klas, en alles proteïen aanvullings vir herkouers in 'n ander klas

Hierdie produk het 25% proteïene en 'n maksimum vog inhoud van 12% (wat die wetlike maksimum is). Die produk beskik oor minimum 0.8% fosfor met maksimum 2.4% kalsium. Hoë fosfaat vlakke is belangrik maar die kalsium vlakke moet nie te hoog wees nie dan verhoed dit fosfor innames. Verhoudings van 1:1-3:1 vir Kalsium: Fosfor is goed. Ureum is maksimum 5% in die totale mengsel.

'n Lys van roumateriale moet ingeluit word. Daar word egter nie van 'n maatskappy verwag om spesifiek te wees nie en mag ons versamel naam woorde gebruik vir die roumateriale soos hominy chop wat 'n "processed grain-byproduct" is. Enige produk wat mielies insluit sal 'n waarskuwing hê vir genetiese manupileerde voedingstowwe (GMO).

Batch no: 13246

Manufacturing date: 24/1/2017

**Produksie lek/Production lick**

Class: Protein-energy-mineral supplement for ruminants
Klas: Proteïen-energie-mineraal aanvulling vir herkouers

Composition/Samestelling (g/kg)

| Minimum | Maksimum | | |
|---|---|---|---|
| Protein | 250 | | Proteïen |
| Protein ex NPN | | 76% | Proteïen vanaf NPN |
| Moisture | | 120 | Vog |
| Calcium | | 24 | Kalsium |
| Phosphorus | 8 | | Fosfor |
| Urea | | 50 | Ureum |

Mass 50kg when packed

Ingredients: Processed grain-byproduct, grain products, plant protein products, urea, sodium chloride, molasses, feedlime, sodium bicarbonate, ammonium sulphate, mono ammonium sulphate, MCP. Contains genetically modified organisms.

This feed contains NPN and must be fed strictly according to instructions.
Vinegar is an effective remedy against NPN poisoning. Dose half a bottle per calf or for large sheep and 2-3 bottles per head of cattle (1 bottle=750ml). Protect feed against rain. Do not feed with other NPN containing products. This is a supplement not a feed. Keep the feed troughs filled and prevent gluttonous eating by hungry animals. A constant daily intake can help prevent poisoning.

Feeding instructions:
Feed as is. No mixing required. Feed animals a salt-phosphate lick for 7 days before feeding this lick. Feed 190-290g.day for sheep and 1000-1500g/day for cattle. Vitamin activity decreases over time. Expiry date is 6 months after manufacturing date. Store in a cool dry place.

Hierdie stelling dui aan of dit 'n volledige voer is, 'n aanvulling of 'n konsentraat.

Samestellings word meestal uitgedruk as g/kg tensy anders aangedui. As jy g/kg deur 10 deel, kry jy persentasie. Bv: 250 g/kg proteïen is gelykstaande aan 25% proteïen.

Proteïen vanaf NPN (protein expressed as NPN) is die hoeveelheid proteïen wat van ureum of ander nie-plantaardige/dieraadige proteïen afkomstig is. Dit word uitgedruk as 'n persentasie van die totale proteïen in die mengsel. Dus is net 24% van die proteïen in hierdie mengsel van natuurlike proteïen bronne afkomstig. By volvoer korrels is die persentasie proteïen vanaf NPN so laag soos 12%.

Alle produkte wat NPN in het, al is dit hoe min, moet hierdie NPN waarskuwing aandui vir ureum vergiftiging. Korrels wat ammonium chloried of ammonium sulfaat insluit vir nierstene moet ook so waarskuwing op hê, al bevat die produk geen ureum. Kyk dus ook na die ureum vlakke by die samestelling.

Vir 'n aanvullende voer sal die intruksies aandui dat diere eers 'n sout-fosfaat lek moet inneem voor hierdie produk uitgee word. So verhoed jy dat diere sout honger is en ooreet aan die lek en ureum vergiftiging kry. Konsentrate sal hier 'n meng instruksie aandui. Volvoer korrels sal hier aandui dat diere vooraf aangepas moet word tot hierdie spesifieke rantsoen. By die voer instruksies sal verwagte daaglike innames ook gegee word